**21 September** **Skrifgedeelte: Johannes 11:17-44**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 19

## Jesus se menslike natuur

Die kortste vers in die Bybel (vers 35) bevat een van die wonderlikste boodskappe: Ons het ’n God wat kan huil. Wat ’n troos! Ons lewe immers in ’n wêreld waar daar baie gehuil word. Mense huil omdat hulle bang is (Open 18:15), omdat hulle magteloos voel (Gen 21:16), oor pyn (Jes 65:14), oor sonde (Luk 23:28) of, soos in ons Skrifgedeelte, oor die dood van ’n geliefde. Die wêreld is vol hartseer, ’n tranedal.

In hierdie tranedal kom Jesus, en Hy huil ook. Hoekom huil Jesus? Nie uit magteloosheid nie. Hy het immers mag oor die dood en sal Lasarus opwek (vers 43). Jesus huil ook nie oor Lasarus self nie. Hy weet mos dat Lasarus lewe. “Wie in My glo sal lewe, al sterwe hy ook,” sê Hy (vers 25). Nee, Jesus huil om ’n ander rede. Hy huil omdat Maria en die Jode huil (vers 33). Hy het hulle só lief, Hy beleef hulle hartseer as sy eie hartseer só intens! Dit geld vandag nog. Oor elke traan in jou oë raak Jesus aangedaan. Hiervoor het Hy heeltemal mens word.

In Jesus sien ons dus: God is ’n God wat erns maak met ons trane. Hy skryf elke traan in sy boek op (Ps 56:9). Hoekom? Want die volle vrag van alle hartseer en trane moes op Jesus se skouers kom. Nie een kon vergeet word nie. Jesus dra hulle aan die kruis, maar neem ook hulle oorsaak weg. Lasarus kon uit die graf kom, want Jesus sou in die graf ingaan en OORWIN!

Só bewerk God ’n nuwe wêreld. Dit is ’n wêreld waar Hy jou met ’n sakdoek inwag om trane af te droog (Open 21:4). Trane sal daar nie meer wees nie.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~